
**Lewensvaardigheid Graad 3: Vrydag, 15 Mei 2020**
**Werkkaart 17**




1. Die tipiese vroulike hond is op ongeveer eenjarige ouderdom gereed om voort te plant.
2. Sy is ongeveer 63 dae dragtig en gee dan geboorte aan 'n werpsel hondjies. Afhangende van die soort hond, kan 'n werpsel uit tot 15 klein hondjies bestaan. Klein hondjies word gebore met toe oë en dit gaan nie oop voordat hulle ongeveer 10 tot 14 dae oud is nie.
3. Klein hondjies groei vinnig en is ses weke na geboorte gereed om van die ma gespeen te word.
4. Honde is gewoonlik teen die ouderdom van twee jaar uitgegroei en volwasse. Die gemiddelde lewensverwagting van 'n hond is 12 jaar, alhoewel daar honde is wat 20 jaar of langer leef.

Aktiwiteit:
Gebruik die kennis van die bogenoemde bespreking en doen die lewensiklus van 'n kat (soogdier) in jou **Rooi DBE-boek op bl. 53.** Jy kan ook **bl.55** doen, hier moet jy vier dinge teken om jou troeteldier te versorg. Ons sal nog die ander lewensiklusse by 'n ander geleentheid behandel.
**Loer gerus**: https://www.youtube.com/watch?v=tnW7J4OewnE na Carike Keuzenkamp - Hondsalon ft. Bobby Van Jaarsveld

Vir ons LIGGAAMSOPVOEDING gaan ons vandag ruimtelike oriëntasie oefeninge doen. Warm op deur vrylik met jou springtou te spring. Vir jou aktiwiteit moet jy dubbelvoet op dieselfde plek spring en enkelvoet wegspring in 'n hardloop beweging. As julle genoeg mense is, kan twee persone die tou stadig heen en weer swaai, dan kan jy oor die bewegende tou spring. Vir afkoeling lê jy op jou maag, arms en bene uitgestrek. Hou jou posisie vir 5 tellings. Rol jou liggaam op soos 'n bal en strek jou rug reguit soos 'n kat.